# OosieNUUS

ONS OOSIE WÊRELD

**10/2025** **13 Maart 2025**

## BELANGRIKE DATUMS EN KONTAKBESONDERHEDE

### Belangrike datums

Die 2025 dagboekaktiwiteite is in die leerders se dagboeke beskikbaar sowel as op die skool se webwerf**.** Let wel: datums van aktiwiteite kan verander as gevolg van omstandighede.

**BELANGRIKE DATUMS**

- 14/15 Maart : NWU-reeks Wintersport (tuis)
- 15 Maart : Rock Royal (Barnyard) ten bate van Hokkie
- 21 Maart : Menseregtedag (Publieke vakansiedag)
- 26 Maart : Mnr en Mej Oos-Moot Gala-aand
- 28 Maart : Skole sluit
- 8 April : Skole heropen met dag 6 rooster

### Kontakbesonderhede van bestuur en graadvoogde

Kontakbesonderhede is op die skool se webwerf beskikbaar.

## LIEF EN LEED

Ons het met leedwese verneem van die afsterwe van Willem Duursema (gr.8) se vader. Ons harte gaan uit na Willem en sy/haar familie in hierdie moeilike tyd. Die verlies van 'n geliefde is nooit maklik nie, en ons wil julle verseker van ons opregte meegevoel en ondersteuning. Mag julle krag en troos vind in die herinneringe en die mense wat vir julle omgee.

## BELANGRIKE VEILIGHEIDSKENNISGEWING

Ons doen 'n dringende beroep op alle ouers en leerders om veiligheid eerste te stel wanneer leerders na skool vir hul ouers wag.

Dit is uiters gevaarlik vir leerders om op die sypaadjie met hul voete in die straat te sit en wag.

- ’n Motor wat skielik moet uitswenk, kan ’n leerder noodlottig tref.
- Verder is daar die ernstige risiko dat leerders, wat dikwels op hul selfone gefokus is, binne sekondes in 'n motor ingetrek en ontvoer kan word.

Ons vra almal se samewerking om ons leerders se veiligheid te verseker en versoek alle leerders om binne die skoolterrein te wag vir hul ouers.

## SKOOL SLUIT EN HEROPEN

### Skool sluit

Die skool sluit op **28 Maart 2025**. Leerders het wel **dag 6** se eerste vier periodes klas en dan die toetsperiode waarna die skool om 11:00 sluit.

### Skool heropen

Die skool heropen vir die tweede kwartaal op Dinsdag, **8 April** met die **dag 6** rooster.

## AKADEMIE

### 2024 Matriekuitslae na hermerk

Die totale onderskeidings vir 2024 het na die hermerk van vraestelle vermeerder na 192. Geluk aan die volgende leerders wat na die hermerk onderskeidings behaal het:

- Lunette Calitz (82%) – English First Additional Language
- Jeane McDonald (80%) – English Additional Language
- Katelin Oosthuizen (80%) – Afrikaans Huistaal
- Gizelle Styger (81%) – English First Additional Language

## Graad 10 Veldskool

Die graad 10-leerders gaan jaarliks op ŉ Veldskool. Ons wil graag dat AL die graad 10-leerders die veldskool bywoon. ŉ Skrywe in hierdie verband is reeds in Januarie in harde kopie aan leerders uitgegee. Die skrywe is by die volgende skakel (webwerf) beskikbaar.

| | | |
|---|---|---|
| Datum | : | 27 tot 29 Augustus 2025 |
| Plek | : | Kwaggasrus (30 km anderkant Brits). |
| Koste | : | R1100-00 per leerder (sluit in verblyf, vervoer, 6 etes, twee nagte se gebruik van veldskoolfasiliteite). |

Vir finansiële reëlings en vrae stuur asseblief ŉ e-pos na me A Jacobs (finansies@oos-moot.co.za). ŉ Reëling moet met die finansiële kantoor getref word, sodat u oor die volgende maande die bedrag in paaiemente kan vereffen. Die volle bedrag moet asseblief teen 30 Junie inbetaal wees. Volledige inligting is in die skrywe vervat.

## Graad 12 – Afrikaans (Produksie)

Die Afrikaans Departement is baie opgewonde om hierdie kwartaal aan die graad 12-leerlinge die geleentheid te bied om hul voorgeskrewe boek in lewende lywe te beleef in die vorm van 'n produksie. Hierdie produksie word deur André Stolz Produksies aangebied en beloof om van hoë gehalte te wees. Dit gee ook aan elke leerder 'n visuele uitbeelding van die gebeure in die boek en sal beslis tot 'n verdieping in die begrip van die roman lei.

| | | |
|---|---|---|
| Datum | : | 14 April 2025 |
| Tyd en plek | : | tydens skooltyd in die skoolsaal. |
| Koste | : | R110 per leerder betaalbaar teen 28 Maart 2025 |

ŉ Skrywe met volledige inligting is aan die leerders uitgegee en op die webwerf beskikbaar.

## SAICE Skole Waterkompetisie 2025

Ons is hierdie jaar die gasheerskool vir die SAICE Skole Waterkompetisie waaraan verskeie skole sal deelneem. Twee spanne per skool en drie leerders per span skryf in vir die kompetisie. Sterkte aan ons Oosie-deelnemers.

Datum : 15 Maart 2025

## Junie eksamen 2025

Neem asseblief kennis dat die Junie-eksamen hierdie jaar 'n week voor die einde van die tweede kwartaal afgehandel sal wees. Dit beteken dat die laaste skoolweek van die kwartaal normaal sal voortgaan, met spesifieke fokus op die kurrikulum en die voltooiing van SBA-assesserings.

Alle leerders moet hierdie tyd ten volle benut, aangesien belangrike akademiese werk gedurende die week gedoen sal word. Die gewone skoolreëls en bywoningbeleid bly steeds van krag.

Dankie vir u samewerking en ondersteuning.

## Vakveranderings – Graad 10 en 11

Vakveranderings vir hierdie grade kan soos volg gedoen word:
Graad 10
24 tot 28 Maart en in kwartaal twee tot voor die toetsreeks begin.
Graad 11
Slegs 24 tot 28 Maart.

## DISSIPLINE – POSITIEWE EN NEGATIEWE VERMELDINGS

Let asseblief op die volgende aanpassing wat gemaak is ten opsigte van negatiewe vermeldings. Sien punt V1.5 wat op 10 Maart aangepas is.

| VLAK 1 WANGEDRAG | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | V1.1 | 3 x versuim om huiswerk te doen in dieselfde vak. | -30 |
| 1 | V1.2 | 3 x versuim om boeke / leermateriaal / toerusting / praktiese klere te bring. | -30 |
| 1 | V1.3 | Versuim om portefeulje-, SBA- of ander opdragte in te gee teen sperdatum. | -20 |
| 1 | V1.4 | Versuim om boeke oor te trek teen sperdatum. | -10 |
| 1 | V1.5 | Versuim om skeurstrokies / ontvangserkennings/ afwesigheidsbriewe / dokumentasie van ouer / voog teen sperdatum in te handig./skrif nie geteken nie. | -10 |

## SELFOONLOSE SKOOLOMGEWING

Ons herinner ons ouers en leerders weer aan ons selfoonvrye skoolomgewing. Ouers is reeds in September/Oktober 2024 ouers ingelig oor die infassering van ‘n selfoonlose skoolomgewing, en ‘n meer volledige skrywe is in die Oosie-nuus 01/2025 (6 Januarie 2025) gedeel.

Tog sien ons steeds dat sommige leerders hierdie reëls oortree, en dit blyk ook dat party ouers nie van die beleid kennis neem nie.

Ons wil weer eens vra vir u ondersteuning. Die doel van hierdie beleid is om leerders te help fokus op hul akademie en welstand – nie om hulle te straf nie. Saam kan ons ‘n positiewe skoolomgewing skep waar almal floreer.

Volg die skakels vir die twee skrywes asook die skool se selfoonbeleid.
Brief - Selfoonvrye skoolomgewing (September 2024)
Brief - Selfoon- en sosiale mediagebruik deur leerders (in die Oosie-Nuus 01/2025 gedateer 6 Januarie 2025)

Dankie vir u samewerking en begrip. Indien daar enige vrae is, kontak ons gerus.

## GRAAD 11-BAL

Ons is opgewonde om aan te kondig dat Hoërskool Oos-Moot hierdie jaar 'n nuwe tradisie gaan vestig, naamlik 'n formele Graad 11-bal.

Doel van die bal
- Om fondse in te samel wat spesifiek aangewend sal word vir die huidige graad 11-leerders se Matriekafskeid in 2026.
- Om leerders voor te berei vir die Matriekafskeid deur hulle bekend te stel aan die formaat en etiket van 'n formele funksie.

| | | |
|---|---|---|
| Datum | : | 26 Julie 2025 |
| Plek | : | Hoërskool Oos-Moot skoolsaal |
| Tyd | : | 17:30 vir 18:00 tot 22:00 |
| Kleredrag | : | Formeel (soos vir Valentynsbal sal aantrek) |

’n Formele skrywe, met volledige inligting is aan die leerders uitgegee en is op die webwerf beskikbaar.

## 2024 OORSPRONKLIKE MATRIEKSERTIFIKATE EN HERMERKSERTIFIKATE

Die 2024 matrikulante se OORSPRONKLIKE MATRIEKSERTIFIKATE, asook HERMERK SERTIFIKATE is nou by die ontvangskantoor van die skool beskikbaar en kan soos volg afgehaal word:

Wanneer dit afgehaal kan word:
- Maandae tot Donderdae voor 14:00
- Vrydae voor 13:30

Wie dit kan afhaal?
- Die matrikulant self of hul ouer(s) kan die sertifikate afhaal.
- Buitepersoon: In die geval waar 'n ander persoon (buiten die ouer) versoek word om dit namens hul af te haal benodig ons die volgende: Toestemmingsbrief van die matrikulant wat die volgende inligting bevat: Die persoon wat dit kom afhaal se naam en van, ID nommer en die bewoording dat die persoon die toestemming van die matrikulant het om dit namens hul af te haal.
- Afskrif van ID-dokument.

## SPORT

In die nuusbrief sal slegs veranderinge en belangrike inligting ten opsigte van ’n sportsoort uitgelig word. Bepalings, oefentye, programme en uitslae van die onderskeie sportsoorte sal op die skool se webwerf geplaas word (soos dit ontvang word).

### Belangrike inligting vir sportbyeenkomste te Hoërskool Oos-Moot

**Toegang en toegangsgelde**
- Streng toegangsbeheer sal toegepas word.
- Alle toegangshekke is **KONTANTLOOS**
- Kaartjieverkope sal slegs by die hekke plaasvind en kan via ‘n debiet-/kredietkaart aangekoop word.
- Volwassenes : R20 per persoon
- Voertuie : R30 per voertuig
- Leerders in gewone drag : R10 per persoon
- Leerders in skooldrag : GRATIS
- Kinders onder die ouderdom van 12 jaar : GRATIS

**Toeskouers**

<u>Rugbyvelde en netbalbane</u>

- Toeskouers moet te alle tye op die pawiljoene sit en mag onder geen omstandighede langs die velde stelling inneem nie.
- Geen persoon mag die versperrings rondom die velde oorsteek of tussen die netbalbane beweeg of staan nie.

<u>Hokkie</u>

- Toeskouers is welkom om gazebo's, stoele en piekniekkomberse vir die graswalle te bring.
- Geen toeskouers word by die astrohuis en tegniese area by die grasvelde toegelaat nie.

**Aankoms van toeskouers, spelers en toegewysde hekke**

<u>Rugbyvelde en netbalbane</u>

- Daar is beperkte parkering beskikbaar binne die sportterrein.
- Toegang kan tot die terrein verkry word vanaf die 31ste of 32ste laan hekke.
- Busse laai die leerders by enige van die hekke in 31ste of 32ste laan af en parkeer by die Pieter Human parkie op die hoek van 32ste- en Cunninghamlaan, Villieria.

<u>Hokkie</u>

- Maak gebruik van die hoofingang in Haarhoffstraat om by die astrobaan te kom.
- Daar is parkering langs die astrobaan.

**Veiligheid en sekuriteit**

- Alle redelike maatreëls word getref om verlies van eiendom te voorkom, maar die skool neem geen verantwoordelikheid indien dit wel plaasvind nie.
- Motor- en sekuriteitswagte is aangestel om behulpsaam te wees.
- Volgens wetgewing, sal **geen drankgebruik** toegelaat word nie en die reg van toegang-beginsel sal geld.
- Hoërskool Oos-Moot is 'n **rookvrye area**. Die reg van toegang-beginsel sal geld.
- **Geen troeteldiere** word op die skoolterrein toegelaat nie.
- **Geen vuurwapens** word op die skoolterrein toegelaat nie.
- Indien die reëls en regulasies verontagsaam word, sal die sekuriteit u vra om die perseel te verlaat.

**Gedragskode vir ouers, leerders en ondersteuners**

- Ondersteun altyd met 'n positiewe gesindheid vanaf die aangewese areas.
- Wees verdraagsaam teenoor spelers, bestuurslede en mede-toeskouers.
- Soos spelers met dissipline speel, verwag ons gedissiplineerde ondersteuning.
- Moet nooit 'n afrigter of skeidsregter voor 'n speler of mede-ondersteuner kritiseer nie.
- Motiveer u kind om die oefeninge by te woon.
- Indien u 'n negatiewe opinie of opmerking ten opsigte van 'n skeidsregter/afrigter het, hou dit vir uself en vergewis u van die betrokke reëls/omstandighede alvorens u 'n mening lug en dan met respek.
- Om 'n goeie voorbeeld vir u kind te wees, het beslis meer voordele as nadele.
- Die gebruik van ALKOHOL LANGS DIE SPORTVELD IS STRENG VERBODE, beklemtoon ook aan u kind dat alkohol enige sportman se toekoms negatief beïnvloed.
- Ontwikkel die sportmangees van u kind.
- Moenie sportpolitiek stig of bedryf nie.
- Geen ouerinmenging by spankeuses word aanvaar nie en sal beslis nie geduld word nie.
- Onthou ondersteuning hou verband met die opheffing van u kind en die spanne en nie die aftakeling van die opponent nie – fokus dus daarop.

*Onderwerp u ten alle tye aan die reëls wat geld vir die betrokke wedstryd/toernooi en bly, soos u kind, 'n student van die spel.*

**NWU-Reeks Wintersport**

Die volgende inligting ten opsigte van die opkomende NWU-reeks wedstryde vir u aandag:

**H/S Oos-Moot vs H/S Waterkloof**
*(Wedstryde wat op 11 Maart moes plaasvind en geskuif het as gevolg van die weer)*
<u>Hokkie</u>
Seuns speel nou op 15 Maart onderskeilik om 07:00 en 08:00.
<u>Netbal</u>
Die laaste wedstryde word op Donderdag, 20 Maart gespeel.

**H/S Oos-Moot vs H/S Ben Vorster (tuis)**
14 Maart
Hokkie : Seuns se wedstryde. Program

15 Maart
Al die wedstryde vir die onderskeie wintersportsoorte begin om 09:00.
Hokkie : Dogters se wedstryde. Program
Netbal : Program
Rugby : Program

**NWU-reeks semi-finaal**
- Die wedstryde vind op Donderdag, 20 Maart en Vrydag, 21 Maart plaas.
- Slegs die hokkie en rugby is betrokke by die semi-finaal op bogenoemde datums.
- Programme word geplaas sodra dit beskikbaar is.

20 Maart:
Hokkie : 20 Maart en 21 Maart te HTS Middelburg, Hoërskool Middelburg en The Hockey Farm
Rugby : 21 Maart, te HTS Middelburg
Koop NOU reeds u kaartjies aanlyn

### Hokkie

Kontak
Die organiseerders kan per e-pos by hokkie@oos-moot.co.za gekontak word.

Kommunikasie
Ouers hoef slegs by die betrokke ouergroep aan te sluit, die spelers het hul eie groepe.
Skakel na WhatsApp-groepe

Oefentye
Oefentye vir die spanne sal op die WhatsApp-groepe en op die webwerf gedeel word.

Borge
- Borgbriewe vir alle spelers is beskikbaar by me L Steyn (k102).
- Alle borgbriewe moet voor of op 31 Maart by me L Steyn ingehandig wees.

### Rugby

Bepalings
Noordvaalliga datumveranderings: Wedstryde van 24 April teen **HTS Middelburg skuif na 23 April**.

Blue Bulls Hoërskole Rugbyvereniging se Digitale Tydskrif
- Die amptelike 2025-uitgawe van die Blue Bulls Hoërskole Rugbyvereniging se Digitale Tydskrif is **UIT NOU**!!
- Hierdie publikasie is propvol eksklusiewe insigte, insluitend die Blue Bulls Hoërskole se wedstrydprogram, opwindende Paasrugbyfeeste, verskeie toernooie, belangrike skoolkontakte en die SA Rugby Jeugweke.

***Kry jou GRATIS eksemplaar van hul 2025 rugbyseisoen-uitgawe hier.***

## Oosie Junior Hokkieklub - Registreer nou

Sessies
14 Maart se sessie skuif na 13 Maart vanaf 18:00 tot 19:00 as gevolg van die NWU-reeks vir hoërskole wat by ons plaasvind.
Inligtingskrywe
Oefensessies

## KULTUUR

### Kultuur ouerondersteuningsgroep

Die Kultuurkantoor nooi ouers uit om deel te word van ons kultuurouergroep!

As jy 'n passie het vir kultuur en graag wil help met projekte soos die herstel van gordyne in die saal of ander kreatiewe inisiatiewe, sluit gerus by ons aan. Jou ondersteuning maak 'n verskil!

Teken in via die skakel.

### Kontakbesonderhede

Die e-posadres vir ons Visehoof: Kultuur is kultuur@oos-moot.co.za.

## Mnr en Mej Oos-Moot

Gala-aand

| | | |
|---|---|---|
| Datum | : | 26 Maart |
| Tyd | : | 18:00 vir 18:30 |
| Plek | : | Skoolsaal |
| Kaartjies | : | Kaartjies kan nou aangekoop word by die Kultuurkantoor (pouses en na skool) |
| Koste | : | R130 (gewone kaartjies met ongeallokeerde sitplekke)<br>R160 (goue sirkel kaartjies) |

## Eco-Oosies

Wollies

Baie dankie vir almal wat die afgelope tyd so ruimhartig geskenk het vir die Wollies projek. Ons waardeer elke skenking opreg.

## Oosie-Engele

*Omgee is om te gee sonder om eers daaraan te dink*
*of die persone wat dit ontvang, dit verdien.*
*Anoniem*

Die Oosie-engele wil graag 'n verskil maak vir Rock of Faith Babahuis, 'n plek van veiligheid vir babas. Ons besoek hul op 8 April en sal enige skenking ten opsigte van die volgende opreg waardeer.

| | |
|---|---|
| Purity | Wasgoedseep |
| Squish Puree | Sunlight seep |
| Baby wipes | Jik |
| Doeke (grootte 3) | Kleertjies en kousies vir dogtertjies en seuntjies ouderdomme 6 tot 12 maande en 12 tot 18 maande. |

Skenkings kan tot 7 April by die skool se ontvangskantoor ingehandig word.

Navrae kan gerig word aan me T Jordaan (t.jordaan@oos-moot.co.za).

## Oosie-Lig

Oosie-Lig het verlede week afgeskop. Ons nooi alle Oosies om hierby betrokke te raak indien hulle hulle verhouding met die Here wil groei en verdiep.

Ons vergader pouses in die LO-saal
* Woensdae : Lofprysing en aanbidding
* Vrydae : Woord

Oosie-Lig staan vir "*Oosie - Lewe In Genade*"
Ons wil die leerders graag herinner dat alles wat ons het, uit genade ontvang is en ook dat ons deur genade gered is en niks kan doen om hierdie groot geskenk te ontvang nie. Ons wil Oosies ook herinner dat ons as kinders van God geskep is om ligdraers te wees en só 'n verskil te maak in die wêreld waarin ons leef. *Laat julle lig so voor die mense skyn, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik. -Matteus 5:16*

Oosie-LIG visie
Oosie-LIG bied die geleentheid aan Oos-Moot leerders om geestelik te groei ten einde te besef dat hulle geroep is om die ligdraers op aarde te wees. Ons leef só dat God verheerlik kan word deur die liefde wat ons na ander uitstraal.

Oosie-LIG missie:
Oosie-LIG leerders kom weekliks bymekaar om die Here te loof en om dieper te delf in die Woord van God. Ons het 'n passie vir mense en reik uit waar ons kan. Op hierdie manier groei ons tot die oorspronklike beeld waarvolgens ons geskape is.

## Trotse Oosies

Ons vier hierdie maand die waarde EERLIKHEID deur die tweede lintjie by ons druppels by te voeg en daag graag die Oosies uit om veral in dié maand hierdie waarde uit te leef!




*Spreuke 11:3 - Die opregtheid van eerlike mense wys vir hulle die koers.*
*Die valsheid van onbetroubare mense bring hulle ondergang.*

## FONDINSAMELINGSPROJEKTE

| Afgehandelde en beplande fondsinsamelingsprojekte vir 2025 | | |
|---|---|---|
| **Datum** | **Projek** | **Ten bate van** |
| 14 Maart | Oosie-Bond Legends wedstryd | Oosie-Bond |
| 15 Maart | Rock Royal - Barnyard | Hokkie |
| 22 Maart | Lyndans | Voortrekkers |
| 26 Maart | Mnr en Mej Oos-Moot | Kultuur |
| 27 Maart | Rolbalaand | Rolbal |
| April | PIE PARTNERS (Pasteie) | Skoolsaalprojek (lugversorgers) |
| April | Koskas Kosinsameling | Kosprojek |
| 20 Junie | Kaskar & Potjie | |
| 25 Julie | Winterkonsert (Orkes) | Orkes |
| 26 Julie | Gr11-bal | Matriekafskeid 2026 |
| 9 Augustus | Colour Run | |
| 12-16 Augustus | Revue | Kultuur |
| September | Knipmes-aand | Sportsentrum |
| 17 Oktober | Lentebal | Kultuur |
| November | Gys Pitzer Gholfdag | Sportfonds |

### Rock Royalty – Barnyard 15 Maart 2025 (Hokkie fondsinsameling)

Ondersteun hierdie fondsinsamelingsprojek vir die Hokkie.

Datum : Saterdag, 15 Maart 2025
Plek : Barnyard Menlyn
Kaartjies **R220** per persoon.
Kontak me. Steyn by hokkie@oos-moot.co.za om kaartjies te koop.

### IGNITE/TOMORROW

*Voucher* boekies is reeds aan al die graad 8 leerders uitgedeel.

Die graad 8 leerders het nou net soos die graad 8 tot 11-leerders van 2024 die geleentheid kry om deur die verkoop van hierdie *voucher* boekies (R200 elk) te help om fondse in te samel vir **lugverkoeling vir die skoolsaal**.

Die afslagwaarde van hierdie *voucher* boekies is meer as R5 000 en sluit *vouchers* in van onder andere Gys Pitzer Motors, Wimpy Waverley, Brewers Family Restaurant, Toni's Pizza en nog vele meer. Die volgende twee *vouchers* in die *voucher* boekie (Totiusdal Handelshuis en Cellfix) is verleng tot einde van hierdie kwartaal.

Wanneer 'n *voucher* boekie gekoop word kan die koper ook die *MyLifestyle App* aflaai. Die *voucher* boekie se kode kan op die *App* ingelees word as die afslagkode wat dan aan die koper nog 'n verdere reeks afslagpryse sal ontsluit (ter waarde van meer as R10 000).

## BUITEPRESTASIES

Hoërskool Oos-Moot het nog altyd trots erkenning gegee aan ons leerders se prestasies, beide binne en buite die skool. Om erkenning op 'n meer gestruktureerde manier te gee, het ons 'n paar riglyne opgestel oor watter buiteprestasies ons op ons platforms sal deel. Navrae kan gerig word aan me C Meyer (bemark@oos-moot.co.za).

Skakels
Kliek op die spesifieke blokkie vir die Google vorm.








## GELUKWENSE

Baie geluk aan al ons atlete, spelers, deelnemers wat uitstaande prestasies lewer. Jul opoffering, harde werk en deursettingsvermoë word in jul prestasies gereflekteer. Ons Oosies is ongelooflik trots op almal, van die deelnemers tot die presteerders. (*Prestasies word geplaas soos ontvang*.)

### ATLETIEK – GAUTENG SKOLEKAMPIOENSKAPPE (7/8 Maart 2025)

Die volgende atlete het puik presteer tydens hierdie kampioenskappe. Slegs uitslae wat van die ouers/leerders ontvang is, is geplaas. Formele uitslae is nog nie beskikbaar nie.

**Rekord**

| Atleet | Ouderdom | Item | Rekord |
|---|---|---|---|
| Sarel Boshoff | o.19 seuns | Verspring | 7.15 meter |

**Uitslae**

| **Atleet** | **Ouderdom** | **Item en plek** | **Afstand** |
|---|---|---|---|
| Monique Geldenhuys | o.19 dogters | Spiesgooi (2de) | 42.14 meter |
| Karel Kok | o.17 seuns | Spiesgooi (4de) | 60.62 meter |
| Heinrich Coetzee | o.19 seuns | 3000m hindernis (9de) | |
| Roan Joubert | o.17 seuns | Gewigstoot (9de) | 14.62 meter |

**REDENAARS**

Hier is die finale uitslae van ons redenaars:

Interne redenaarsfinaal (Voorbereid en onvoorbereid)

JUNIORS

Junior-wenners (Voorbereid)

| | |
|---|---|
| 3de plek | Kelci Lindsay |
| 2de plek | Caitlynn Heymans |
| 1ste plek | Sandra-Kate van der Merwe |

Junior-wenners (Onvoorbereid)

| | |
|---|---|
| 3de plek | Kelci Lindsay |
| 2de plek | Marnie Grobler |
| 1ste plek | Christal du Plooy en Sandra-Kate van der Merwe |

Senior-wenners (Algeheel)

| | |
|---|---|
| 3de plek | Marnie Grobler |
| 2de plek | Kelci Lindsay |
| 1ste plek | Sandra-Kate van der Merwe |

SENIORS

Senior-wenners (Voorbereid)

| | |
|---|---|
| 3de plek | Elize Adams |
| 2de plek | Reuben van Blerk |
| 1ste plek | Miné van Rensburg |

Senior-wenners (Onvoorbereid)

| | |
|---|---|
| 3de plek | Miné van Rensburg |
| 2de plek | Aiden Badenhorst |
| 1ste plek | Marilee Mans |

Senior-wenners (Algeheel)

| | |
|---|---|
| 3de plek | Aiden Badenhorst |
| 2de plek | Marilee Mans |
| 1ste plek | Miné van Rensburg |

**PUBLIC SPEAKING**

JUNIORS

| | |
|---|---|
| 2de plek | Kelci Lindsay |
| 1ste plek | Kaileen van der Merwe |

SENIORS

| | |
|---|---|
| 3de plek | Heinrich Kok |
| 2de plek | Elize Adams |
| 1ste plek | Ryan Liebenberg |

**KOMPETISIE**

**PicknPay Waverley** het hierdie jaar weer hul jarelange aankoopstrokie kompetisie vir skole in die MOOT geloods. Ondersteun ons skool asseblief en plaas u PnP Waverley aankoopstrokie in die houer gemerk OOS-MOOT.

## ONS BORGE – BAIE DANKIE

Ons sien daarna uit om nuwe borge te verwelkom en ons verhoudinge met beide ons jarelange en nuwe borge te versterk en daarop voort te bou.

**Belangrike Kennisgewing: Borgskappe**
Ouers en leerders word vriendelik versoek om eers 'n amptelike skrywe by die skool te verkry (by die onderskeie organiseerders van ons skoolaktiwiteite) voordat hulle 'n borg nader. Ons borge ontvang talle versoeke, en ons wil hierdie proses beter bestuur om hulle tegemoet te kom. Dankie vir julle samewerking.

## ADVERTEER IN DIE NUUSBRIEF

Daar is geleentheid om in die skool se nuusbrief te adverteer.

- Die nuusbrief word weekliks elektronies, per e-pos via die skool se d6-sisteem, aan die ouers (2200+), personeel (108) en al ons leerders (1500+) gestuur.
- Die nuusbrief word weekliks op die webwerf geplaas waar dit vir die hele jaar beskikbaar is.

Indien u belangstel voltooi asseblief die vorm of kontak me M Senekal (webblad@oos-moot.co.za).




**ADVERTEER IN ONS NUUSBRIEF 2025**

*Die nuusbrief word weekliks versprei via die skool se d6 Connect toep en per e-pos na ons ouers (2000+), personeel en leerders gestuur. Die brief word ook op die skool se webwerf (www.oos-moot.co.za) geplaas waar dit die hele jaar beskikbaar is.*

**Kostes vir 'n A6 advertensie**

| | |
|---|---|
| 1 plasing per maand | R350 |
| 2 plasings per maand | R500 |
| 3 plasings per maand | R700 |
| 4 plasings per maand | R900 |
| Plasing vir die hele jaar | Maandelikse bedrag x 11 (% afslag) |

**A4 advertensie ook beskikbaar op versoek.*

**Formaat**

- *Advertensies met 'n voor- en agterblad word as twee advertensies beskou.*
- *Advertensies moet in 'n elektroniese formaat gestuur word (JPEG of PNG).*
- *Geen PDF of geskandeerde advertensies word geplaas nie.*
- *'n Advertensie sal slegs geplaas word na goedkeuring en betaling.*
- *Let wel: "Landscape" formaat advertensies moet gedraai word om in die "portrait" spasie te pas.*

**Stel jy belang?**
*Kontak Mariëtte Senekal by webblad@oos-moot.co.za*







https://www.wenwetenskap.co.za




